Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 31 van 2022

31 Julie 2022

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Hoe om vir langer as 14 dae gelukkig te wees

Abd al-Rahman III was die leier van Cordoba tussen die jare 912-961. Sy onderdane was baie lief vir hom. Sy vyande het hom gevrees. Hy was skatryk en magtig. Toe hy egter op 70 jarige ouderdom al die dae van sy lewe bymekaar tel wat oorgeloop het van geluk, kon hy slegs veertien sulke dae identifiseer.

Wag! Briek net vir 'n oomblik en lees dit weer: Abd al-Rahman III kon net veertien super-gelukkige dae identifiseer in sy lewe, ten spyte van al sy rykdom en mag!

Die meeste mense beleef nooit enige blywende vreugde of lewensvervulling nie. Hoekom nie? Wel, hulle glo dit is eintlik net te vind in nog meer - nog meer geld, genot, besittings, mag… Vir lank het die Prediker daar in die Ou Testament dieselfde geglo en nagejaag. Toe het hy bevind die ganse lewe was 'n gejaag na wind. Dit skryf hy oor en oor. Toe maak hy egter 'n verrassende ontdekking. Toe ontdek hy dat om brood te breek in God se teenwoordigheid en saam met ander, is om egte lewensvervulling te proe. Vyf keer basuin die Prediker dan hierdie eenvoudige, lewensveranderende waarheid uit dat jy jou brood moet breek met vreugde. Dit is God se blywende vreugde-geskenk aan jou (Prediker 2:25; 3:13; 5:17; 8:15; 9:7).

Lewensvervulling wag hier op jou eie voorstoep. Maar jy loop dit mis omdat jy nie glo dat blywende lewensvreugde ingemessel is in eenvoudige roetes soos daaglikse lewe-doen, kuier en brood-breek saam met die Here nie. En in lewe-doen saam met ander mense rondom 'n stukkie brood of 'n beker koffie nie. Wel, God nooi jou uit om presies dit te begin doen, vandag nog. Dan sal jy meer as 14 dae se geluk ontdek. Dan sal elke nuwe dag 'n spesiale dag wees saam met die Here en ander. Dan sal geluk jou vind sonder dat jy dit soek.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

* Lottie Conradie
• Marinda Jordaan
• Johan Kotzé
• Ria Putter
• Tannie Hester Weldhagen
• Janine Vorster
• Maria Steyn
• Sampie Swart
• Hanna Pienaar
• Marga Holtzhausen
• Tonie Redelinghuys
• Oom Eberhard Carshagen
• Jaap Naudé
• Suzelle Barkhuizen
• David Huxham se pa
• Elli van Rensburg
• Tannie Bets Coetzee
• Oom Hannes Stoltz
• Annika Kilian
• Lilian van Zyl
• Karl Olsen
• Lucinda Graaff
• Marie van Wyk
• Martie van Staden
• Susan van Zyl
• Enid Kruger
• Wimpie & Heloise Lodewyk
• Patrick Van Sittert

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***…

- HERE, ek het U lief! AMEN

Goeie Nuus

Hy los die ligte aan

"Ons los die ligte aan vir jou." Dit was 'n normale opmerking in my ouerhuis. My pa en ma het dit vir my gesê as ek in die aand uitgegaan het.

Later het ek en my vrou dit spontaan vir ons kinders gesê en dit ook gedoen. Sy sê dit nou nog vir my as ek in die aand iewers moet gaan praat. Juis toe ek nou die aand tuis kom en die voordeur se lig sien brand, tref die waarde van hierdie doodgewone woorde my opnuut: "Ek los die ligte aan vir jou."

In een sin sê dit alles waaroor liefde en deernis vir mekaar gaan. Toe dink ek by myself dit is wat die Here ook doen vir ons. Hy het die ligte lankal aangeskakel. Hy laat nie een van sy kinders in die donker verdwaal nie. Hy sal dit aanlos totdat ons eendag veilig tuis kom daar by Hom. Ons sal nooit voor dooiemansdeur opdaag nie. Ons is op pad huis toe. Die Here los altyd die ligte vir ons aan. – **Stephan Joubert**

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Gedagte vd week

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.